

2020-06-12 Memo - KLASKENNIS TUIS: BIOTEGNOLOGIE

MERK DIE VOLGENDE VRAE:

1. Gee die korrekte term vir die volgende stellings.

- 1.1 Die vermoë van die liggaam om teenliggaampies te maak teen infeksie en die infeksie-agens te onthou.
Immuniteit
- 1.2 Die doodmaak van mikrobies deur dit te verswelg.
Fagositose
- 1.3 Immuniteit wat jy reeds het tydens geboorte.
Natuurlike immuniteit
- 1.4 Immuniteit wat jy het omdat jy 'n siekte veg en oorwin.
Verworwe immuniteit
- 1.5 Die tipe bloedselle wat immuniteit vir die liggaam verseker.
Leukosiete (witbloedselle)
- 1.6 Tipe witbloedsel wat wat histamine maak.
Basofiel
- 1.7 "killer cells" wat mikrobies vernietig.
T-Limfosiete
- 1.8 Tipe witbloedsel wat teenliggaampies vervaardig om mikrobies te merk.
B-Limfosiet
- 1.9 Trilhaartjies wat die lugweg skoonhou.
Silia
- 1.10 n Ander woord vir slym.
Mukus
- 1.11 n Manier om die liggaam te dwing om immuniteit te skep.
Inenting
- 1.12 Die verswakte vorm van die patoëen in die druppels of inspuiting.
Entstof
- 1.13 Die toedien van 'n verswakte patoëen om jou teen siekte te beskerm.
Inenting
- 1.14 Die persoon wat die eerste entstof ontwikkel het.
Dr Edward Jenner
- 1.15 Die siekte waarteen die entstof gebruik is.
Pokke
- 1.16 Sterk geneesmiddel wat bakterieë vernietig.
Antibiotika
- 1.17 Die persoon wat die eerste wondermiddel ontdek het.
Prof Alexander Flemming
- 1.18 Die naam van die skimmel wat die wondermiddel geword het.
Penicillium notatum
- 1.19 Die bloedgroep wat as universele ontvanger bekend staan.
AB+
- 1.20 Die bloedgroep wat as universele skenker bekend staan.
O-

[1 x 20]